Komende reünies

Eendrag
Alle Oud-Eendragters word vriendelik uitgenooi na hul 45-jaar reünie van 8 tot 10 September 2006. Kontak Frederick Fourie by eendrag45@sun.ac.za of na ure by 084 995 2262 vir enige navrae.

Nemesia
Alle Oud-Nemesia dames word genooi om die 30-jarige reünie op 9 & 10 September 2006 by te woon. Die naweek se program bestaan uit onder meer 'n bustoer deur Stellenbosch, middagete in die Neelsie met 'n Nemesia video wat op die grootskerm gewys gaan word en 'n formele dinee in die Tienie Louw-saal. Sondag is dit huiskerk en 'n lekker ontbyt.
Kontak Mardi Palm, die HK Oud-Bond by selno 082 744 5023 of per e-pos (14025604@sun.ac.za) vir meer inligting.

Dagbreek
Dagbreek se 85-jarige reünie gaan feestelik gevier word van 8-10 September. Vrydag is die Dagbreek Classic Gholftoernooi en 'n Aand van die Legendes op die Quad. Saterdag is daar verskeie aktiwiteite op die quad, rugby op die grootskerm en 'n spogdinee. Kontak die organiseerder, Francois Fouché, by selno 083 368 5948 of per e-pos (dagbreek85@hotmail.com) of besoek die webblad (www.dagbreek.com).

Helderberg
Helderberg Manskoshuis vier sy 60ste bestaansjaar! 'n Reünie word vir 25 en 26 Augustus beplan en alle oud-inwoners van Die Republiek word hartlik uitgenooi! Die feesvieringe bestaan uit 'n formele funksie op Vrydag en die Stigtersdagvieringe op Saterdag. Kontak Dirkie van der Merwe by 14295113@sun.ac.za of besoek die webtuiste www0.sun.ac.za/helderberg vir meer inligting.

Heemstede
Heemstede se 40ste reünie word op 21 en 22 Julie gehou en beloof om groot en baie lekker te wees - een wat nie misgeloop kan word nie. Vir verdere inligting, stuur 'n e-pos aan Sune Kruger by 14057522@sun.ac.za

Irene (Damestee)
Op 9 Augustus hou Irene weer haar jaarlikse Damestee. Vanjaar vier hul vrouwees, menswees en IRENER-wees! Alle oud-Ireners is welkom om 'n dag van geselligheid, pryse, sprekers en vele meer saam te kom geniet. Kontak Martelle Smit by sel 082 566 4561 of per e-pos (hkirene@sun.ac.za) vir meer inligting.

Helshoogte
Die Bond van oud-Helshoogters hou hierdie jaar twee saamtrekke. Die formele stigting van die Vrystaat Tak is op 21 Julie in Bloemfontein en die Kaapland Tak saamtrek is op 4 Augustus (Derbydag) by Helshoogte. Die Gauteng Tak hou ook 'n 2de saamtrek later vanjaar. Maak gerus kontak en word deel van oud-Helshoogter bedrywighede in die onderskeie provinsies.

Helshoogte Gauteng: helshoogte.gauteng@gmail.com
Helshoogte Vrystaat: helshoogte.vrystaat@gmail.com
Helshoogte Kaapland: helshoogte.kaapland@gmail.com
Of kontak Jampie van Aarde, sekretaris van die Bond per e-pos (hholdboy@sun.ac.za) of selfoon 082 518 8390.

1976 B Arbeidsterapie
Na 30 jaar hou die 1976 B Arbeidsterapie-klas reünie op Saterdag 29 Julie 2006 (in Stellenbosch) en op Sondag 30 Julie 2006 (in die Blue Peter Hotel in Bloubergstrand). Alle dosente en klasmaats is welkom! Kontak Hilda-Marié Burger (néé Van Rooyen) in Namibië by tel 09264-61-230540 (w), 09264-61-259337 (h), 09264-81-1285199 (sel) of per e-pos (burgerh@iafrica.com.na) vir meer inligting.

1996 Medies (MB,ChB)
Die 10-jaar reünie van die MB,ChB-klas van 1996 is op 20 en 21 Oktober. Vrydagaand is daar 'n gesellige saamkuier met skemerkelkies by die Blue Peter Restaurant in Bloubergstrand. Op Saterdag 21 Oktober is daar 'n dinee in die Bloemendal Restaurant in Durbanville. Kontak Rob Boeke (082 336 3133) of Marianna de Kock (082 410 5156). Die e-pos adres is matiesmedies96@yahoo.com

Koorreünie
Die Stellenbosch Universiteitskoor vier sy 70ste verjaarsdag in 2006. 'n Reünie vir almal wat Koor gesing het, word beplan vir 22-24 September in en om die Endlersaal. Die hoogtepunt van die naweek is op Saterdagaand met 'n konsert in die Endlersaal. Hier sal al die koorleiers wat nog leef, die reüniekoor dirigeer. (Die musiek is op die koor se webblad beskikbaar by www.sun.ac.za/koor). Vir Sondag word 'n groot skaapbraai beplan. Kontak Lydia Meier by tel (021) 808 2381; sel 082 468 0652 of per e-pos (us_koor@sun.ac.za) vir enige navrae.

REÜNIES IN 2007

Huis ten Bosch
Huis ten Bosch hou 5-7 Okt 2007 haar 70 jaar reünie. Kom deel in die feesvieringe wat Vrydagaand met 'n skemerkelkie begin. 'n Wyntoer en 'n formele dinee is ook in die vooruitsig. Vir navrae, kontak Sanette Vermeulen by hkhtbos@sun.ac.za of 14104547@sun.ac.za

Huis Marais
Huis Marais beplan 'n 60-jarige reünie vir 2007. Stuur asb jou kontakbesonderhede na hkhmrais@sun.ac.za om op hoogte gehou te word.

Hou jy 'n reünie?
Laat weet ons by
alumni@sun.ac.za